

Spinnekopjagter-wespe spesialiseer op een spinnekopsoort



Met 'n vet spinnekop belaaï het die wespe by haar nes aangekom. Die agt spinnekoppote was netjies afgeknip. Nou word die spinnekop in 'n voorbereide half voltooide sel ingeskuif. As dit in posisie is, lê die wespe haar langwerpige eiertjie op die voorste deel van die spinnekop se agterlyf. Dan word die sel met kleigrond voltooi en toegemessel. Hierdie spinnekop het drie onvoltooide nesses met spinnekoppe daarin gehad, voordat



sy dit toegemessel het.

Toe ek die volgende oggend gaan kyk, het die wespe op die kleines gesit en slaap. So kon ek gerus al



die selle uithaal vir

nadere ondersoek sonder om bang te wees vir wespewoede. Die selle word teenmekaar gebou. Daar is nie 'n duidelike nesvorm nie; dit hang af van die holte, waarin die wespe sy selle wil bou. In hierdie geval was dit op die stam van 'n palmboom agter 'n blaarstomp wat al los was.

(As 'n mens die blare van 'n palmboom afsny, bly daar altyd

die stomp oor, wat aan die stam vas is. Hierdie stompe droog uit en raak los, daar ontstaan holtes wat deur spinnekoppe, insekte en akkedisse benut word.) Die hele nes

het uit minstens 15 selle bestaan. Elke sel bevat een eiertjie op die nog lewende spinnekop. Dikwels is die spinnekoppe dragtig, dus is daar genoeg en waardevolle kos vir die wespelarf wat uit die eiertjie kom. Die spinnekop kan baie lank sonder kos aan die lewe bly. Solank dit lewe, vrot dit ook nie; dus is daar genoeg tyd vir die eier om uit te broei en die larf te laat groot word, voordat die spinnekop vrek.



☛ Spinnekop met eiertjie op die agterlyf

In die verskeie selletjies was wespelarwes in verskeie groeistadiums, van vars gelêde eiers tot volwasse wespe wat uit die sysak geklim het. In party selle was nog die koppedeeltes van die spinnekop, **almal van dieselfde spesie!**



Die papiesak is 'n redelik dun sysakkie wat dalk later verhard.

Op die foto kan ons sien, dat die eiertjies by elke spinnekop op dieselfde plek gedeponeer is, en dat die spinnekoppe almal na dieselfde spesie lyk.

Die spinnekop met die pyltjie is die ene wat ek gesien het toe dit nes toe gedra is.

Ongelukkig kon ek tot nou toe nie die presiese wetenskaplike name van albei, wespe en ook spinnekop uitvind nie. Die wespe behoort aan die familie

Pompilidae (spinnekopjagters). Meeste van hulle

het metaalblouerige lywe, dikwels met geeloranje liggaamsdele of merke en lang bene. Die spinnekop behoort aan die genus *Cheiracanthium* (langbeen-sakspinnekoppe). Kenmerkend vir hulle is die lang bene en die swart gesig. Hulle is giftig (ook vir mense) en die byt kan swerende wonde veroorsaak. Hulle is nagjagters en skuil gedurende die dag in hulle sakagtige skuiling op bv. blare. Dis waar die wespe dit opspoor, verlam en die bene afknyp, om dit dan nes toe te dra. *Cheiracanthium* sakspinnekoppe kom dikwels voor, ook in ons woonhuise, waar hulle hul skuilsakkie gewoonlik in gordynplooië en/of teen komberse/dekens van beddens vasplak wat nie dikwels beweeg word nie, soos bv. in gastekamers.

Inligtingsbronne: Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths Alan Weaving)

Insectopedia (Erik Holm)

Spiders of the Grassland Biome (Ansie Dippenaar-Schoeman & Charles Haddad)

GOGGAgids (Erik Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman)

Teks en foto's: Anka Eichhoff

April 2022